# 1

"Milan!" Nova se stem weergalm bokant die roesemoes in die besige klerestalletjie. "Kom kyk wat kry ek hier!"

Milan kyk op van waar sy besig is om 'n sonhoed aan te pas en rol haar oë. Partymaal wens sy sy kan maak of sy haar bestie nie hoor óf sien nie.

Nova wip op en af langs 'n klererak terwyl sy 'n kobaltblou T-hemp in die lug swaai. *Sproetjies*, is in silwer letters daarop gedruk.

Milan trek 'n gesig, maar Nova beur deur die klante, stroop die hemp van die hanger af en hou dit voor Milan.

"H'm, perfek by jou oë," sê sy terwyl sy dit skewekop bekyk. "En daar's nog! 'n Rooie vir my en 'n groene vir Andante."

"Ek glo dit nie!" Milan kyk rond. "Sê nou iemand hoor jou? Iemand wat saam met ons in die laerskool was. Iemand wat onthou van . . . ?"

Nova se wenkbroue wip. "Joe, jy ís paranoïd. Wie sal nou . . . ?"

"Sjjj!" maak Milan haar stil. "Wat van 'ons gaan vergeet

van die Sproetebessies', verstaan jy nie? Daardie ou bende was die simpelste ding wat ons ooit aangevang het."

"Oukei, oukei!" Nova keer met haar hande. "Maar ek dink dis cool. 'n Geheime boodskap wat net ek, jy en Andante kan ontsyfer."

"Dis nie of enigeen van ons 'n lawwe T-hemp nodig het om ons daaraan te herinner dat ons gesigte soos spikkeleiers lyk nie." Milan druk die hemp teen Nova se bors. "Buitendien, ons het nie geld om te mors nie. Jy weet self hoeveel dit kos om 'n week by die musiekfees uit te hang, en die kaartjies vir Tyrion se vertoning het omtrent al ons vakansiegeld ingesluk."

Nova waai die beswaar weg. "Die kaartjies is 'n belegging, girlfriend." Sy bondel die hemp op die rak tussen die serpe in. "Die ou se stem maak my bene lam. En daai oë! Dink jy dis kontaklense? Niemand het súlke navy blue kykers nie. Oee, môreaand sien ons hom in lewende lywe. Ek kan nie wag nie!"

Milan klik haar tong. Tipies Nova om op hol te gaan oor die nuutste popsanger. Maar sy moet erken, Tyrion is 'n sensasie. Hy het die laaste paar maande van nêrens gekom en spog klaar met een treffer ná die ander. En dit alles op YouTube. Sy optrede môreaand is die eerste ooit voor 'n gehoor, en die vooruitsig het Nova weke lank al in 'n beswyming.

"Ek hoop nie jy gaan 'n aap van jouself maak nie," waarsku Milan.

"En hoekom sal ek dit wil doen?" Nova se mondhoeke krul. Sy haak by Milan in en sleep haar na die volgende stal-

letjie. “Solank jy net weet, niemand gaan my keer om sy handtekening te vra nie.”

“Solank jy net nie weer op die verhoog spring soos eergister by Cool Cats se show nie. Ek skaam my nou nog,” waarsku Milan. Sy ken Nova nou al lank genoeg om te weet haar vriendin kan die kollig nie weerstaan nie.

Nova pluk-pluk met groen blinkertjienaels aan haar swart krulkop. “Wat dink jy van my? Buitendien, jy het self daardie artikel in *Show Bizz* gelees wat sê dat Tyrion nie meisies uitneem nie.” Sy gaan staan by ’n stalletjie, haak ’n paar bessierooi oorbelle af en hou dit teen haar wange. Terwyl sy haarself in die spieël bekyk, draai sy haar kop heen en weer. “Ek wonder hoekom hy so geheimsinnig oor sy persoonlike lewe is?”

Milan haal haar skouers op. “Sy stem ís flippin cool, maar daai silwer hare doen dit nie vir my nie. Wie wil so weird lyk?”

Nova lag. “Jy vind ook fout met almal. G’n wonder jy sukkel om ’n ou te kry nie.”

“Vir jou inligting: Ek wil nie ’n ou hê nie. En Tyrion lyk soos ’n winkelpop.” Milan loop vinniger om te keer dat Nova by die volgende stalletjie vashaak. Sy wens sy kon ook so maklik met seuns maats maak soos haar twee beste pelle. Geen ou kan Andante met haar modelbene miskyk nie en dis onmoontlik om Nova te ignoreer. Maar laat sy wat Milan is naby ’n vreemde ou kom en haar hande en voete is in die pad. Dis seker haar aaklige sproete. Sodra sy bloos voel dit of haar gesig aan die brand slaan.

"Milan! Nova!"

Andante se koperbruin vlegsel blink in die sonlig, en soos sy nader draf, draai die ouens se koppe. Soos gewoonlik steur Andante haar min daaraan. "Wat van milkshake by die Wimpy?" Haar oë skitter. "Daar is iets wat ek . . ."

Nova skud haar kop. "Sorry. Ek moet nog vir lipgloss gaan . . ."

"Ek glo dit nie!" val Milan haar in die rede. "Ons kan nie nog geld mors nie."

Nova klik haar tong. "Relax, girlfriend! Vanmiddag is jou groot break en ek gaan sorg dat jy amazing lyk."

Milan se maagspiere trek saam. Sy tree vanmiddag op die *Jong talent*-verhoog op – danksy haar twee pelle wat haar teen haar sin ingeskryf het vir een of ander simpel talentkompetisie.

"Kom ons vergeet daarvan," soebat sy. "Julle weet ek haat dit om voor vreemde mense te sing."

Nova gee haar 'n vernietigende kyk. "Moenie eens daaraan dink nie. Jy is nie alleen nie, onthou. Ons is 'n span. Ek gaan jou soos 'n ster laat lyk en Andante se lirieke gaan die ou tannies snot en trane laat huil." Sy hou haar handpalm op. "Die Sproetebessies wen weer!"

Andante lag so lekker dat van die verbygangers omkyk. "Sproetebessies!" herhaal sy en gee vir Nova 'n high five.

"Moet tog nie weer met die ou storie begin nie." Milan draai haar kop weg.

"Wag tot julle hoor watse verrassing ek het," hou Andante aan.

"O, ja?" Nova sit haar hand op haar heup.

"Ek sê niks!" Andante se groen oë dans. "As jy wil weet, moet jy saamkom Wimpy toe."

"Goed, terwyl jy so aanhou." Nova haak by Andante in. "Maar dit beter my asem wegslaan."

Milan steun en draf agterna. Om te stry sal tog nie help nie. Sy, Nova en Andante is al van graad vier af maats en aangesien hulle nou al in graad nege is, weet sy teen die tyd dat wanneer dié twee iets in hulle koppe kry, niks hulle stop nie.

By die Wimpy se ingang keer 'n donkerkop meisie met 'n spyskaart in haar hand hulle voor. "Jammer, ons is vol . . ."

Andante wip-wip op haar tone. "Daar!" Sy wys met haar vinger.

Milan kyk oor die meisie se skouer, maar sien net volgepakte tafels.

Eers toe Nova 'n geluidjie maak, kliek sy. By die tafel in die hoek, sit drie ouens. Drie tjoklits-op-die-oog ouens, seker so in graad tien. Veral die ou op die punt soebat om raakgesien te word. Ligbruin hare wat duidelik nie die vakansie 'n haarsny gesien het nie. Soel vel. Lui glimlag. Die tipe ou waarvan sy skelm droom. Ook die tipe ou wat nie twee maal na haar sal kyk nie.

"Oh. My. Word," blaas Nova. "Waar't jy hulle opgetel?"

Andante se mondhoek lig. "Vanoggend. By tannie Bessie se boekestalletjie."

"Waarvoor wag ons?" Nova druk haar krulle reg.

Milan se maag trek op 'n knop. Sy is klaar op haar senuwees oor haar optrede. Vir drie vreemde seuns, veral sulke

aantreklike ouens, is sy beslis nie lus nie. "Gaan julle," fluister sy en gee Andante 'n stampie in die rug. "Ek loop solank gastehuis toe." Sonder om vir 'n antwoord te wag, draai sy om en vlug buitentoe.